

Gereformeerde Kerk Bellville – 7 Oktober 2018 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 87:4, 5 (p. 438)

- 4 Hul almal, nou tot nuwe heil verkore, / sal kom, selfs uit die allerverste land.
Hul sien God hou die moederstad in stand / en jubel: Dié en dié is daar gebore!
- 5 Die HEER self skryf hul op, die duisendtalle, / een-een, gebore uit die volkeskaar;
en singend, juigend klink die lofstem daar: / Ons heilsfontein stroom neer uit Sions walle!

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 105:1, 2 (p. 514)

- 1 Loof, loof die HEER van alle here! / Verhoog sy Naam en gee Hom ere,
en bring sover daar volke is, / sy daad in gedagtenis;
en spreek met aandag en ontsag / van al sy wonders, dag aan dag.
- 2 Laat almal juig met blye galme; / sing voor die HEER jul vreugdepsalme;
beroem jul in sy heil'ge Naam, / Laat almal wat Hom soek, nou saam
hul hart verenig tot sy eer / en hul verlustig in die HEER.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 119:4, 5 (p. 586)

- 4 Hoe sal in sy jeug die jong'ling, / gou deur ydelheid bekoor,
rein kan wandel in sy weë?... / As hy wandel in u spoor!
U soek ek van ganser harte / HEER, hou U my hande vas,
dat ek van u spoor nie dwaal nie / en die kwaad my nie verras.
- 5 Daarom sluit ek al u woorde / in my hart sorgvuldig in,
dat ek nie teen U sou sondig / en te minder U bemin.
HEER, my God, U is lofwaardig! / Leer my tog u regte wel.
Met my lippe^ot ek die wysheid / van u wet alom vertel.

Gebed

Skrifberyming 16-1:1, 2, 3 (Sb 15)

- 1 “Laat jul kinders tot My nader / en geen hindernis hul weer,
want die koninkryk der heemle / is hul erfdeel,” sê die HEER.
- 2 “Wie nie needrig soos die kindjie / wat hier tussen julle staan,
so die Godsryk wil ontvang nie, / sal daar geensins binnegaan.”
- 3 En die Here het sy arrems / koest'rend om hul heen geslaan,
met sy hande op hul hoofde, / hul geseën, en weer laat gaan.

Skriflesing: Markus 10:1-16

Kernverse: Markus 10:14

Maar toe Jesus dit sien, het Hy hulle dit baie kwalik geneem en vir hulle gesê: Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die koninkryk van God. (Markus 10:14 AFR53)

Tema: Die Here se beloftes behoort aan die gelowiges en hulle kinders

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, die mens is maar 'n vreemde wese veral wanneer daar iemand bekends in die omtrek is. Kyk maar hoe gaan die jongetjies te kere wanneer hulle die geleentheid kry om 'n rolprentheld te siene te kry of wanneer hulle 'n optrede van hulle geliefde sangers mag bywoon. Hulle gil en kan hulle opgewondenheid beswaarlik in bedwang hou. Hulle verdring mekaar om 'n handtekening te kry en, boeta, as die held nou aan die meisietjie se hand geraak het, is haar dag gemaak. Sy wil amper nie haar hand was nie, want die beroemde sanger of rolprentster het aan haar hand geraak.

In ons gelese gedeelte ontmoet ons mense wat kindertjies na Jesus toe bring sodat Hy hulle kon aanraak. Broers, susters en kinders, hierdie gedeelte is so bekend dat almal, of baie van ons, dit toe oë vir iemand anders sal kan oorvertel. Mag die Heilige Gees daarom ons gedagtes stewig vashou sodat ons goed sal luister wat die Here hier aan ons openbaar.

Die mense wat die kindertjies gebring het, is waarskynlik die ouers van die kindertjies. In die afgelope tyd het hulle ook al gesien wat gebeur as Jesus mense aanraak – blindes kan sien, kreupeles kan loop, vyf broodjies en twee vissies word in die hande van Jesus 'n maaltyd vir meer as vyfduisend mense. Hierdie ouers bring hulle kindertjies sodat Jesus hulle kan aanraak. Nêrens hoor ons dat die kindertjies iets makeer nie. Maar dan moet 'n mens ook nie net die Here se aanraking soek wanneer jy iets makeer nie. Ons moet elke dag die nabyheid van die Here soek, want Hy is die lewe.

Let ook op wanneer hierdie mense die kindertjies bring. Jesus het so pas in die gebied van Judea gekom. Volgens Lukas is Hy vir die laaste keer op pad Jerusalem toe. Nog voordat Hy Jerigo bereik, het 'n skare mense al om Hom saamgedrom. En soos sy gewoonte was het Hy die mense weer onderrig. Jesus is nog besig om die mense te leer wanneer die mense met die kindertjies daar opdaag. Hy is besig om oor belangrike goed soos huwelik en egskeiding – grootmenssake – te praat. Die dissipels het die mense bestraf wat die kindertjies gebring het. Jesus is nou besig en hulle kan Hom nie nou met kindertjies kom staan en pla nie.

Maar toe Jesus sien wat die dissipels doen, het Hy hulle kwalik geneem. Dit is maar saggies gesê wat daar eintlik gebeur het. Jesus was nie net ontevrede oor wat die dissipels gedoen het nie. Hy was in werklikheid vertoorn omdat die dissipels keer dat die mense die kindertjies na Hom toe bring. Hierdie woord wat ons met *kwalik neem* vertaal, is dieselfde woord wat gebruik word as tien van die dissipels verontwaardig is omdat Johannes en Jakobus vir Jesus gevra het om aan sy linker- en regterhand te sit in sy koninkryk. Die tien dissipels was nie net ontevrede met die twee seuns van Sebedeus nie. Hulle het hulle vererg vir die twee, want wie dink hulle is hulle om vir Jesus te vra om langs Hom te sit in sy koninkryk? Jesus was vertoorn oor die dissipels se optrede, daarom het Hy dadelik vir hulle gesê om die kinders toe te laat om na Hom te kom.

As die kindertjies by Jesus kom, neem Hy hulle in sy arms en seën hulle. Die ouers het hulle kinders gebring sodat Jesus hulle moes aanraak. Die kinders kry meer as wat die ouers verwag het. Hulle ontvang die seën van die Here. Al het ons alles uit die hand van die Here ontvang wat ons nodig het en ons het nog nie sy seën ontvang nie, gaan al die gawes ons nog niks help nie (Ps 127:1-2). Ons het die seën van die Here bitter nodig om regtig voordeel te kry uit alles wat die Here vir ons gee.

Dadelik kom daar 'n vraag by 'n mens op: Waarom het Jesus kwaad geword vir die dissipels? Die antwoord op die vraag is in Jesus se woorde: **Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die koninkryk van God.** Die rede hoekom Jesus verontwaardig was, is in die laaste woorde: **want aan sulkes behoort die koninkryk van God.**

Wat sou Jesus met daardie woorde bedoel het? Baie mense wil onder hierdie woorde verstaan dat Hy na die onskuld van die kindertjies verwys het. En dan gaan hulle verder en sê dat Jesus ons met hierdie woorde leer dat 'n mens so onskuldig en leeg en ontvanklik soos 'n kind moet word om die koninkryk van God in te gaan.

Dit is inderdaad so dat 'n mens nie verlossing kry omdat jy iets daarvoor gedoen het nie. God skenk die verlossing en die geloof in Jesus uit genade aan mense wat dit nie verdien nie. En daar is niemand wat verdien om gered te word nie. Maar dit is tog nie wat Jesus hier vir ons leer nie. Indien dit die bedoeling van Jesus se woorde was, regverdig dit sy verontwaardiging?

Voordat ons kyk hoekom Jesus vertoorn geraak het, is daar twee dinge in verband met die kindertjies wat ons in gedagte moet hou. Eerstens, wanneer ons hier van kindertjies lees, word daar gepraat van kinders tussen nul en twaalf jaar. Dieselfde woord wat ons met *kindertjies* vertaal word gebruik wanneer daar van Johannes die Doper gepraat word by sy besnydenis (Luk 1:59) en van die twaalfjarige dogtertjie van Jaïrus (Mark 5:40).

Alhoewel hierdie kindertjies so oulik kan wees en babatjies soos die twee wat vanoggend gedoop word na sulke onskuldige bloedjies lyk, weet ons uit die Bybel dat hulle glad nie so onskuldig is nie. Dawid skryf in Psalm 51 dat hy al met sonde besmet was nog voordat hy gebore is. Daarom bely ons in die woorde van ons Doopsformulier dat ons kinders in sonde ontvang en gebore is en daarom reeds by geboorte skuldig staan voor God.

Hierdie sondigheid wat deel is van elke mens van geboorte af word baie gou duidelik in elke kindjie se lewe. Kyk net hoe maak selfs 'n babatjie as hy nie sy sin kry nie. Hy laat jou baie gou verstaan dat hy ongelukkig is, en sy pa en ma het hom nie geleer om so te wees nie. Kyk 'n bietjie hoe maklik jaloers word die oudste kindjie wanneer hy meen dat pa of ma nou te veel aandag aan die boetie of die sussie gee. Pa en ma het hom ook nie geleer om jaloers te wees nie. Hierdie dinge is eie aan elke mens se sondige aard.

Die tweede ding wat ons in verband met die kindertjies moet raaksien, is dat Jesus sê dat die koninkryk van God aan sulkes behoort. Jesus het van die einste kindertjies daar voor Hom gepraat. Aan hierdie kindertjies, en kindertjies soos hulle, sê Jesus, behoort die koninkryk van God. Die koninkryk van God is dus nie net iets wat vir grootmense bedoel is nie. Die koninkryk behoort ook nie net aan hulle wat eers belydenis van hulle geloof gedoen het nie. Ook aan kindertjies behoort die koninkryk van God. Dit is wat die Heilige Gees ook vanoggend vir ons wys. Alhoewel hierdie twee kindertjies in sonde ontvang en gebore is, behoort die koninkryk van God ook aan hulle, so belowe die Here.

Voordat ons 'n verkeerde afleiding maak, moet ons dit baie duidelik sien en hoor. Jesus, sê nie dat die koninkryk van God aan alle kindertjies oor die ganse wêreld tussen nul en twaalf jaar behoort nie. Hy het van daardie kindertjies voor Hom en kindertjies soos hulle gepraat. Hulle was kindertjies van Israel – kindertjies van verbondsouers.

Toe Jesus vir sy dissipels gesê het dat die koninkryk van God aan sulke kindertjies soos dié voor Hom behoort, het Hy dit gesê op grond van wat sy Vader lank gelede reeds aan

Abraham geopenbaar het. God het die gelowiges lief. Gelowiges is mense wat hulle vertrou in God alleen stel. God het egter nie net die gelowiges lief nie. Hy het ook hulle gesinne lief. Tydens die sondvloed het God nie net die gelowige Noag gered nie, maar ook sy vrou en sy drie seuns en hulle vrouens. Hierdie liefde wat God vir verbondsgesinne het – ouers en kinders – word duidelik uitgespel in die belofte wat die Here aan Abraham maak wanneer Hy sy verbond met hom sluit.

En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag ná jou. (Genesis 17:7 AFR53)

Deur die kragtige werk van die Heilige Gees het Abraham die Here geglo en dit is hom tot geregtigheid gereken. Wanneer die Here dan sy verbond met Abraham sluit, belowe Hy dat Hy Abraham sal versorg en beskerm; Hy sal sy sondes vergewe en hom met Homself ver-soen. Maar hierdie belofte maak die Here nie net aan Abraham alleen nie. Die belofte word ook gemaak ten opsigte van Abraham se nageslag.

Wanneer God dan later aan sy verbond met Abraham, Isak en Jakob dink wanneer Israel in Egipte kerm oor die swaarkry, stuur die Here vir Moses. Moses moes nie net die gelowige grootmense uit Egipte uitlei nie. Moses moes die hele nageslag van Abraham – die groot-mense en die kinders – uit Egipte uitlei. En wanneer die Here sy verbond by Sinai met Israel bevestig, noem Hy die kinders van die gelowiges in besonder. Nadat die Here beveel het dat daar geen gesnede beelde of enige gelykenis van Hom gemaak mag word nie, voeg die Here die volgende woorde by:

Ek, die HERE jou God, is 'n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat; en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooie onderhou. (Eksodus 20:5-6 AFR53)

In die lig van hierdie openbaring uit die Ou Testament is dit te verstane dat Jesus verontwaardig was oor die optrede van die dissipels. Hulle mag nie die kinders wat in die verbond gebore is, verhinder om by Jesus die Verlosser te kom nie. Die kinders wat die Here uit genade aan gelowige ouers toevertrou, is vir die Here kosbaar. Daarom het die Vader sy Seun na hierdie wêreld gestuur. Die belofte van verlossing en vergifnis op grond van Christus se versoeningswerk, is 'n belofte wat nie net bedoel is vir grootmense nie, maar ook vir die kinders van die gelowiges. Daarom belowe Jesus: Aan sulkes behoort die koninkryk van God.

In die Nuwe Testament het hierdie beloftes nie verander nie. Wanneer Petrus, vol van die Heilige Gees, Jesus Christus aan die skare mense verkondig, word hulle diep in die hart getref met die evangelie. Wanneer hulle dan nederig vra wat hulle moet doen, antwoord Petrus:

Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. (Handelinge 2:38 AFR53)

Hoe kon Petrus met soveel sekerheid sê dat daardie sondaars voor hom vergifnis van sondes en die Heilige Gees sou ontvang? Die antwoord is net in die volgende vers: **Want die belofte kom julle toe.** Watter belofte? Die belofte wat die Here aan Abraham gemaak het om sy God te wees. Maar die belofte kom nie net die grootmense toe nie. Dit kom hulle kinders ook toe. Petrus sê:

Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep. (Handelinge 2:39 AFR53)

Die Here het die gelowiges en hulle kinders lief, want die Here het Homself in sy verbond aan hulle verbind. Daarom kon Paulus aan die gelowige ouers in Korinte skryf dat hulle kinders heilig is, want die gelowige ouer of ouers behoort aan die Here (1 Kor 7:14). Op grond van hierdie beloftes van die Here ons vandag nog troosryk bely: **Die Woord van God, waaruit ons die wil van God leer ken, getuig daarvan dat die kinders van die gelowiges heilig is. Hulle is nie van nature heilig nie maar kragtens die genadeverbond waarin hulle saam met hulle ouers opgeneem is. Godvrugtige ouers moet daarom nie twyfel aan die uitverkiesing en saligheid van hulle kinders wat God in hulle kinderjare uit hierdie lewe wegneem nie (Gen 17:7; Hand 2:39; 1 Kor 7:14).** (Dordtse Leerreëls 1:17)

In hierdie belydenis sê ons agter Jesus aan **want aan sulkes behoort die koninkryk van God.** Elke kind wat in die skoot van 'n gelowige verwek word, behoort aan die Here. Daarom kan 'n miskraam of doodgeboorte of 'n gestremdheid of 'n siekte of selfs die dood nie die gelowige se kindjie van God skei nie. Jesus belowe dat die koninkryk van God aan sulkes behoort.

In die laaste plek moet ons oplet hoe koninklik Jesus hierdie kindertjies behandel. Wanneer die kindertjies by Hom kom, neem Hy hulle in sy arms. Met die omhelsing wys Jesus kon-kreet dat die belofte vir hierdie kinders eg is. Hierdie verbondskindertjies behoort aan God, daarom neem die Seun van God hulle in sy omhelsing. En Hy seën hulle. Hy gee die belofte dat die koninkryk aan hulle behoort plegtig met sy seën aan hulle. Dit is die belofte dat Hy met sy bloed aan die kruis die vergifnis van sondes vir hulle sal verdien.

Wat 'n groot voorreg het hierdie twee kindertjies wat van vanoggend gedoop word dat die Here hierdie gelowige ouers aan hulle gegee het. Seuns en dogters, elkeen van julle is net so bevoorreg soos hierdie babatjies. Die Here het dit beskik dat julle die kinders sal wees van gelowige ouers. Deur julle gelowige ouers het julle reeds 'n besondere band met God. Hy eien julle vir Hom toe en Hy maak beloftes aan julle.

Vir die ouers van hierdie twee babatjies en vir al die ouers in die gemeente is dit 'n troos om te weet dat hierdie kindertjies die Here s'n is. Daarom, pa en ma, moet julle vir julle kindertjies vertel van hierdie koninklike behandeling wat hulle van God ontvang. Vertel vir die kinders van God die Vader, van Jesus Christus hulle Verlosser en van die Heilige Gees wat hulle lei op die pad van heiligmaking. Mag julle en die gemeente instrumenteel wees wanneer die Here hierdie belofte aan hulle deur die geloof 'n al duideliker wordende werklikheid maak. Mag hierdie kindertjies ook eendag hulle geloof openlik in die Here bely.

Amen!

Gebed

Formulier vir die bediening van die heilige doop aan kinders

Psalm 105:5 (p. 515)

- 5 Die HEER wat van geen wankel weet nie, / sal nimmer sy verbond vergeet nie;
al sy beloftes bly van krag / tot in die duisendste geslag.
Verbond met Abraham, sy vrind, / bevestig Hy van kind tot kind.

Slotpsalm 146:1, 3, 8 (p. 700)

- 1 Prys die HEER met blye galme, / o my siel, daar 's ryke stof!
'k Sal, solank ek leef, my psalme / vrolik toewy aan sy lof
en Hom, wat sy guns my bied, / altyd groot maak in my lied.

- 3 Salig hy wat in die lewe, / sonder hulp en sonder raad,
as hom alles wil begewe, / vlug tot God, sy toeverlaat;
en ook in die swartste nag / op die HEREⁿalleen bly wag.
- 8 Dis die God der leërmagte, / troue Bondsgod van weleer,
God van wordende geslagte, / tot in ewigheid die HEER.
Sion, sing die God ter eer, / prys sy grootheid, loof die HEER!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
7 Oktober 2018